Munisipaliteit • U-Masipala • Municipality
OVERSTRAND
OKTOBER 2022

Posbus 20, Hermanus 7200

Telefoon
Hermanus 028 313 8000
Gansbaai 028 384 8300
Kleinmond 028 271 8400
Stanford 028 341 8500

24-uur-beheerkamer 028 313 8000/8111
Brandweer 028 312 2400

Bulletin

#overstrand4all
Amptelike nuusbrief van die Munisipaliteit Overstrand
#C4ourself

Daar om die toekenning namens die Uitvoerende Burgemeester te ontvang was onderburgemeester rdl. Lindile Ntsabo (3de van links) en rdl. Ronald Nutt (heel regs).

OVERSTRAND STAP WEG MET LOUERE AS SA SE BOOMVRIENDELIKSTE MUNISIPALITEIT

Om saam te val met Nasionale Boomplantmaand hou die departement van bosbou, visserye en die omgewing, in medewerking met die Instituut vir Omgewings- en Ontspanningsbestuur en TOTAL Suid-Afrika, jaarliks 'n toekenningsgeleentheid om erkenning te verleen aan daardie munisipaliteite wat hul bes doen om hul omstreke te vergroen en ander aan te moedig om dieselfde te doen.

Vanjaar het Overstrand met die louere weggestap.

Deelnemende plaaslike owerhede word beoordeel gegrond op 'n portefeulje van bewyse wat getuig van die munisipaliteit se beleid en strategie vir vergroening, die ontwikkeling en bewaring van groenstroke en natuurbates, die vergroening van veral laekostebehuising- woonbuurte; die uitroeiing van ongewenste indringerspesies, die voorkoming van natuurrampe soos wegholveldbrande; en die hulpbronne wat aan vergroening en verbandhoudende funksies toegewys word met inbegrip van die administrasie, bestuur en versorging van bome.

Wat die beoordelaars waarskynlik opgeval het, was die boomkarteringsprojek wat Overstrand onlangs ontplooi het om te verseker dat bome in sy area behoorlik bestuur en versorg word.

Kortom kom dit daarop neer dat Overstrand nou oor omvattende data beskik wat gebruik kan word om vergelykings te tref tussen woonbuurte van dieselfde grootte sodat die impak van parke en ontspanningsfasiliteite op kroondekking van naderby beskou kan word.

Gegrond op die resultate wat uit hierdie data afgelei word, kan Overstrand sy aanplanting van bome op daardie areas fokus wat minder groen is en seker maak dat bome in daardie areas na behore versorg word.

Boonop het die munisipaliteit se afdeling vir parke en omgewingsbestuur binne die afgelope drie jaar nie minder nie as 'n duisend bome aangeplant.

Die burgemeesterskomiteelid vir gemeenskapsdienste, rdl. Ronald Nutt, het die toekenning namens Munisipaliteit Overstrand ontvang. Hy kon nie nalaat om daarop te wys dat alle eer die toegewyde personeel van die direktoraat gemeenskapsdienste toekom nie: "Na jare se toewyding aan die vergroening van ons dorpe verdien julle om die vrugte van jul arbeid te pluk. Welgedaan!"

HERMANUS VERWELKOM EERSDAAGS EERSTE LUUKSE PLESIERBOOT

Munisipaliteit Overstrand is in sy noppies om die nuus mee te deel dat, ná 'n sarsie suksesvolle onderhandelinge met rolspelers in die plesierbootbedryf, die eerste passasierskip in Desember 2022 anker gaan gooi in Walkerbaai.

Passasiers sal voet aan wal kan sit sodat hulle op dag-ekskursies ons pragtige dorpe kan verken en hul selfs kan verlustig in aktiwiteite soos wynproe, fietsry en haaiduik.

Hierdie is 'n nuutjie vir Overstrand, maar verskeie operateurs van plesierbootritte het reeds aangetoon dat hulle ook oorweeg om Hermanus as ankerplek by hul toekomstige reisplanne in te sluit.

Uitvoerende Burgemeester dr. Annelie Rabie is baie ingenome met die ekonomiese inspuiting wat hierdie inisiatief vir dié deel van die kus inhou en het gesê dat sy van voorneme is om te help sorg dat ondernemings en diesulkes gerat is om passasiers aan wal te verwelkom.

"Elke geleentheid om meer toeriste na ons dorpe te lok, moet aangegryp en verken word aangesien dit nie net tot voordeel van ons plaaslike ekonomie strek nie maar ook die nypende nood aan werksgeleenthede kan verlig. Nou is die kans om te wys ons is gerat en gewillig om sake te doen deur hierdie passasiers gulhartig te verwelkom," het Burgemeester Rabie bygevoeg.

LUR VIR POLISIETOESIG EN GEMEENSKAPSVEILIGHEID BESOEK OVERSTRAND

Hermanus se stasiebevelvoerder, kol. Luthando Nosilela (heel regs), het minister Reagen Allen (tweede van regs) op 'n toer van sy stasie vergesel, insluitende die 24/7-traumakamer waarheen enigeen met 'n behoefte aan beskerming en bystand hulle kan wend. Die waarnemende bevelvoerder van Hermanus se eenheid vir sigbare polisiëring, kapt. CJ du Toit, en die burgemeesterskomiteelid vir beskermingsdienste, onderburgemeester Lindile Ntsabo, was ook teenwoordig om aangeleenthede van belang vir veiligheid en sekuriteit met die minister te bespreek.

Die onlangs aangestelde Wes-Kaapse minister van polisietoesig en gemeenskapsveiligheid, Reagen Allen, het vroeg in September besoek afgelê by polisiestasies in die Overstrand sodat hy homself met aangeleenthede verwant aan sy portefeulje kan vereenselwig.

Onderburgemeester Lindile Ntsabo, wat ook die voorsitter van die portefeulje oor beskermingsdienste is, het hom verwelkom. "Alle lof aan die minister wat hom eerstehands wil vereenselwig met die realiteite van die uitdagings waarmee ons polisiestasies gekonfronteer word, en omdat hy bereid is om saam met ons die beste moontlike oplossings te vind sodat ons hierdie uitdagings die hoof kan bied," het Ntsabo gesê.

Die onderburgemeester het ook van hierdie geleentheid gebruik gemaak om die gemeenskap gerus te stel dat die Raad se eerste prioriteit is om te verseker dat Overstrand 'n plek is waar kinders veilig kan opgroei en 'n plek is waar inwoners in vrede kan leef. "Daarom is ons trots op die gesonde verhoudinge wat ons as munisipaliteit nie net met die SAPD nie maar ook met verskeie buurtwagte, sekuriteitsmaatskappye en wetstoepassingsagentskappe handhaaf sowel as met diegene wat hulle vir ons gemeenskappe se maatskaplike welstand beywer," het hy bygevoeg.

STOP CORRUPTION
FIGHTING CORRUPTION IS EVERYONE'S BUSINESS

Nasionale teenkorrupsie-blitslyn:
0800 701 701

OPENBARE RUIMTES IN HANGKLIP-KLEINMOND ALGAANDE MET BOBBEJAANBESTANDE VULLISHOUERS TOEGERUS

Inwoners in verklaarde probleemdier-areas in die Overstrand, soos Kleinmond, Bettysbaai, Rooiels, Pringlebaai en Voëlklip maak al 'n geruime tyd voorspraak vir die aanbring van meer bobbejaanbestande vullishouers in openbare oop ruimtes, by piekniekareas en op strande langs die kus.

Vullis is 'n groot lokaas vir bobbejane wat op hierdie plekke rondsnuffel vir kos, en ons moet almal saam daaraan werk om bobbejane doeltreffend te beheer deur te sorg dat rommel optimaal bestuur word.

Die oplossing is om protokolle vir bobbejaanbeheer te implementeer wat doeltreffende bestuur van die interaksie tussen bobbejane en mense in die hand sal werk vóór strooptogte en invalle deur bobbejane die norm word. Om op 'n verantwoordelike wyse van afval ontslae te raak, is een manier waarop ons tot die gesondheid en welstand van mens en natuur kan bydra.

Daarom het Munisipaliteit Overstrand 'n diensverskaffer aangestel om die munisipaliteit se openbare vullisdromme in die Hangklip-Kleinmond-area om te skakel na dierbestande houers, en 45 houers is reeds vir areas na die weste bestel. Die projek beoog om op die lange duur alle onbeskermde blou swaaidromme in openbare areas oral in Hangklip-Kleinmond met hierdie houers te vervang.

As deel van 'n samewerkingsveldtog genaamd "feed the bin, not baboons" het Munisipaliteit Overstrand, die onderskeie bobbejaan-aksiegroepe, die Hangklip-Kleinmond-gemeenskap en 'n plaaslike koerant ook moue opgerol om dromme in openbare ruimtes op te gradeer en in bobbejaanbestande houers te verander.

Die eerste bobbejaanbestande openbare vullishouer is einde-Oktober 2022 langs 'n kuspaadjie in die omstreke van Aasbankies in Silver Sands aangebring.

Met behulp van die Pringlebaaigemeenskap is 'n verdere drie houers in Maasbaai in die Hangkliparea gebou.

Die munisipaliteit het die materiaal (stene, sand, klip en sement) geskenk en die Pringlebaaigemeenskap het fondse gewerf om vir die arbeid, steunstukke en slotte te betaal. Die gemeenskap het ook alle reëlings rondom die bou van die houers behartig en bestuur.

Twee van hierdie houers is op die hoek van 4de Straat en 15de Laan in Kleinmond geplaas, ter vervanging van die ou blou swaaidromme, en die derde houer sal aan die bopunt van 6de Straat aangebring word sodra sy sementbasis hergiet is.

Hierdie projek onderskryf die logika dat soveel meer vermag kan word as ons saamwerk en ons gesamentlike bronne vir maksimum effek inspan. Welgedaan aan alle belanghebbers wat aan hierdie projek deelgeneem het.

BURGEMEESTER RABIE DEUR SALGA VIR HAAR VOORTREFLIKE LEIERSKAP VEREER

Raadslid Theresa Els (heel regs) oorhandig die toekenning vir voortreflike leierskap aan Burgemeester Rabie. By hulle staan Munisipale Bestuurder, Dean O'Neill

Teen die einde van Augustus het die Suid-Afrikaanse Plaaslike Owerheidsvereniging (SALGA) 'n toekenningsgeleentheid in Johannesburg gehou ter verering van vroue se uitnemende munisipale leierskap.

Hierdie toekennings vereer daardie vroulike burgemeesters wat uitmuntend op die terrein van finansiële bestuursbeheer presteer het.

Munisipaliteit Overstrand is een van 13 munisipaliteite wat, onder aanvoering van vroue, skoon oudits ingevolge die Wet op Munisipale Finansiële Bestuur behaal het. Spesiale melding is ook gemaak van die drie top presterende munisipaliteite in die land wat konsekwent vir meer as vyf opeenvolgende jare skoon oudits ontvang het.

Al drie hierdie munisipaliteite is in die Wes-Kaap, en Munisipaliteit Overstrand is een van hulle.

As die verteenwoordigende vrouekommissaris vir Munisipaliteit Overberg en die Overbergdistriksmunisipaliteit het Wyk 10-raadslid Therese Els die toekenning namens die Burgemeester ontvang.

Terugskouend op hierdie geleentheid het rdl. Els gesê dit was insiggewend om vroulike raadslede vanuit ander provinsies te ontmoet en om aangeleenthede van pertinente belang vir die bemagtiging van vroue en geslagsgelykheid onder die loep te neem.

NUWE BELEID OOR KLEIN WONINGS GOEDGEKEUR

Munisipaliteit Overstrand se Raad het die beleid oor klein wonings goedgekeur wat 'n addisionele opsie bied om werk te maak van 'n groeiende gemeenskap se behoefte aan behuising.

Die burgemeesterskomiteelid vir investering en infrastruktuur, rdl. Clinton Lerm, sê Overstrand is een van die eerste munisipaliteite in Suid-Afrika wat kwessies verwant aan die behuisingsnood opnuut deurdink het. "Die aanvaarding van hierdie beleid beteken dat Overstrand nou die pas aangee met die formulering van innoverende oplossings om werk te maak van hierdie nypende situasie," het hy bygevoeg.

Ingevolge hierdie beleid voldoen 'n klein woonhuis aan die omskrywing van 'n residensiële woonhuis maar op 'n kleiner skaal as gebruiklik – 'n staanoppervlakte van minder as 27 m² om die waarheid te sê.

Afhangende van die doel waarvoor hulle bestem is, ressorteer klein wonings onder een van drie kategorieë:

- **Permanent:** Aangebring op 'n goedgekeurde fondament, in welke geval bewoners se veiligheid en doeltreffende energiegebruik vooropgestel word;
- **Tydelik:** Gebou op 'n onderstel of raam wat wiele kan hê, in welke geval mobiliteit voorrang geniet; of
- **Oorgangsbehuising:** Fasiliteite waar hawelose persone kan leef, in welke geval aanpasbaarheid ooreenkomstig plaaslike behoeftes voorrang geniet.

Die soneringskodes bepaal waar eienaars hul klein wonings kan oprig. In areas gesoneer as enkelresidensieel 1, moet permanente klein wonings, byvoorbeeld, op 'n goedgekeurde fondament aangebring word en naaste bure se vergunning vir oprigting word vereis.

Permanente klein wonings moet aan die vereistes van die nasionale bouregulasies voldoen, met die uitsondering van die woning se afmetings.

Die beleid kan via die munisipale webwerf www.overstrand.gov.za afgelaai word. (Klik op Documents en navigeer dan na Policies.)

GANSBAAI-VERKEER OPERASIONEEL



Die eerste kliënte wat by Gansbaai-verkeer se kantore opgedaag het, was duidelik ingenome met die gerief wat hierdie diens bied.

Gansbaai se afdeling vir die lisensiëring en registrasie van motorvoertuie het onlangs hul intrek in hul nuwe kantore in Gansbaai se munisipale gebou geneem en is nou ten volle operasioneel.

Kantoorure is Maandag tot Vrydag van 08:00 – 15:15, met 'n etensuur van 13:00 – 13:45.

Hermanusverkeer se kantore is oop van Maandae tot Vrydae van 08:00 – 15:15 en op twee Saterdae per maand van 08:30 – 12:00.

Die verkeersafdeling se kantore in Kleinmond is oop van Maandae tot Vrydae van 08:00 – 15:15, met 'n etensuur van 13:00 – 13:45